

1 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 3:9-15

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 3:9 en 10

Jesus Christus is die fondament

Die regte fondament is van uiterste belang by die bou van 'n gebou. Dit bepaal grootliks die standvastigheid, vorm, grootte, hoogte en styl van die gebou. Jesus Christus is die fondament van die Christen se lewe. Ons is as 'n gebou van God op Christus gebou.

Die fondament, Jesus Christus, is die allerbeste. Hy is onwankelbaar, Hy staan vir ewig vas (Ps 71). Hy kan deur geen mag of krag, selfs nie die doderyk, vernietig of geskud word nie (Matt 16:18). Wat 'n wonderlike troos vir elke uitverkorene (HK So 1).

'n Mens kan nie willekeurig bou nie! Jy moet altyd die fondament in berekening bring. Die sigbare gebou is 'n getuienis van die onsigbare fondament. Wat ons op die fondament bou, is soms in een woord gesê, skandalig. Uit die sigbare was dit duidelik dat die Korintiërs soms op ander fundamente gestaan het of eenvoudig gebou het sonder om Jesus Christus enigsins in "berekening" te bring. Hulle stry en baklei teen mekaar, in hoogmoed en selfsug kyk hulle neer op mekaar, hulle veroordeel en leef losbandig.

As gelowige bely jy sekerlik ook dat jy op Jesus Christus gebou is, dat Hy jou fondament is. Hoe lyk hierdie gebou waarvan jy deel is? Gaan kyk eerlik hoe bou jy op hierdie fondament, of hoe jy omgaan met die gebou van God. Bid tot God dat Hy deur sy Gees alle willekeurige en selfgesentreerde bouwerk in jou lewe sal openbaar. Bid dat Hy jou die krag sal gee om enige bouwerk wat nie die Fondament Jesus Christus in berekening bring nie, af te breek, sodat jou gebou 'n sigbare getuienis sal wees van die ewige, almagtige en onwankelbare fondament, Jesus Christus.

Sing: Psalm 71:1 (Totius)

Ds HL Stavast (Totiusdal)